

Die fundamentele hervorming van die Suid-Afrikaanse staat – motivering en strategie

André Duvenhage

André Duvenhage, Navorsingsprofessor, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Verskeie rolspelers in onder meer die politieke omgewing (politieke partye en rolspelers binne die staat en regime), die korporatiewe sektor en burgerlike samelewing, asook akademici en joernaliste, beklemtoon die aard en omvang van die politieke, ekonomiese en maatskaplike krisis waarvoor Suid-Afrika tans te staan gekom het. Daar is selfs skrywers wat verwys na die moontlikheid van 'n "Suid-Afrikaanse Lente", ooreenstemmend met die *Arabiese Lente*, met verreikende implikasies vir politieke stabiliteit binne die politieke omgewing. Dat Suid-Afrika in 'n krisis verkeer, op die vooraand van waarskynlik die moeilikste verkiesing vir die ANC-regering sedert 1994, is nie te betwyfel nie. Dit is eerder 'n vraag van hoe ernstig die krisis is: Kan die situasie nog grondwetlik evolusionêr hanteer en gerehabiliteer word, of is die een of ander vorm van 'n Suid-Afrikaanse Lente ons voorland?

Uitgaande van die perspektief dat Suid-Afrika in krisis verkeer en dat hierdie krisis besig is om te verdiep, bestaan die oortuiging tog dat die rehabilitasie van die staat, samelewing, politieke stelsel en maatskaplike orde wel moontlik is; dat dit langdurig mag wees; maar dat die eerste stappe in hierdie verband dringend geneem behoort te word. Raakpunte bestaan tussen die politieke, ekonomiese en maatskaplike krisis wat Suid-Afrika in die laat-1980's en vroeë-1990's ervaar het en wat met 'n strategie van fundamentele hervorming en demokratisering herstel is. Hoewel andersoortige eise vandag bestaan, is die noodsaak vir fundamentele hervorming weer eens daar, met selfs nog groter uitdagings as wat die geval was in die 1980's en 1990's.

Hierdie artikel is toegespits op die volgende aspekte:

- Wat behels die krisis in Suid-Afrika (polities, ekonomies en maatskaplik)?
- Wat lê ten grondslag van hierdie krisis?
- Waarom is fundamentele hervorming noodsaaklik en wat wil hiermee bereik word?
- Wat sal politieke hervorming in die strategiese sin van die woord behels?

Die navorsingsmetodiek is kwalitatief van aard en hedendaagse literatuur word gebruik. Kernbegrippe en konseptualiserings word op 'n geïntegreerde wyse op die Suid-Afrikaanse konteks, soos hier bo aangedui, van toepassing gemaak. Data, syfers en statistiek word uitgebreid hanteer om die krisis van die huidige tydperk aan te dui. Die uitkomst van strukturele hervorming word normatief deur demokratiese en funksionerende staatspraktyke gelei. Ten opsigte van strategiese aspekte rakende politieke hervorming word daar na voorbeelde en gevallestudies verwys.

Trefwoorde: politieke hervorming; politieke leierskap; politieke transformasie; politieke Rubicon; sosiale en politieke ingenieurswese; Suid-Afrikaanse staat

Abstract

The fundamental reform of the South African state – motivation and strategy

Various role players in amongst others the political environment (political parties and role players within the state and regime), the corporate sector, and civilian community, as well as academics and journalists, emphasise the nature and scope of the political, economic and social crisis currently facing South Africa. Some writers even refer to the possibility of a “South African Spring” (in accordance with the *Arabian Spring*), holding far-reaching implications for political stability within the political environment. There is no doubt that South Africa finds itself in a crisis, in the run-up to probably the most difficult election for the ANC government since 1994. The question is rather how serious the crisis is: Can the situation still be resolved constitutionally in an evolutionary way and be rehabilitated, or is some form of a South African Spring our destiny? From the perspective that South Africa is experiencing a crisis and that this crisis is deepening, the belief nevertheless exists that the rehabilitation of the state, society, political system and social order is indeed possible; that it may develop over a prolonged period; but that the first steps in this regard should be taken with urgency. Touchpoints exist with the political, economic and social crises South Africa had experienced in the later 1980s and early 1990s, which were redressed by means of a strategy of fundamental reform and democratisation. Although dissimilar demands exist nowadays, the necessity for fundamental reform exists once again, with even bigger challenges than was the instance in the 1980s and 1990s.

This article focuses on the following aspects:

- What does the crisis in South Africa entail (politically, economically, and socially)?
- What forms the basis of this crisis?
- Why is fundamental reform imperative and what will be achieved herewith?
- What will political reform entail from a strategic perspective?

The research method is qualitative and recent literature has been used. Core concepts and conceptualisations are applied in an integrated manner to the South African context (as indicated above). Data, numbers and statistics are utilised extensively to indicate the crisis of the current time. The outcomes of structural reform are normatively guided by democratic and functioning state practices. With regard to strategic aspects concerning political reform, examples and case studies are referred to.

Keywords: political leadership; political reform; political Rubicon; political transformation; social and political engineering; South African state

1. Inleidende oriëntering

Teen die agtergrond van die voortslepende dienslewingskrisis in die algemeen en die Eskom-krisis wat gereelde beurtkrag tot gevolg het in die besonder, waarsku Gareth Ackerman, die HUB van Pick n Pay, onlangs dat 'n voedselkrisis Suid-Afrika in die gesig kan staar en dat dit tot maatskaplike onstabiliteit en selfs geweld kan lei (Daily Investor 2023). Soortgelyke waarskuwings het ook gekom van Iain Williamson, HUB van Old Mutual, en die gerespekteerde ouditeursgroep Price-Waterhouse-Coopers (PWC).¹ Hierdie perspektiewe is allermens nuut aangesien daar gereeld verwys word na die moontlikheid van toenemende politieke onstabiliteit en selfs 'n "Suid-Afrikaanse Lente" of "Tunisië-dag".² Suid-Afrika is immers een van die state in die wêreld waar geweld die meeste voorkom. Die geweld van 2021 in KZN, waarin meer as 300 mense gedood en sowat R50 miljard se skade aangerig is, is nog vars in die geheue (vergelyk Cotterill 2021; Erasmus en Hlangu 2021; Harding 2021; Vhumbunu 2021 vir besonderhede oor die aard en omvang van die 2021-geweld wat primêr in KZN uitgespeel het). Die uitbranding van trokke en geweld van vroeër daardie jaar, wat skynbaar met 'n moontlike Zuma-inhegtenisneming saamhang, laat die spoke van 2021 herverskyn, met talle waarskuwings van toenemende geweld (vergelyk Jacobs 2023b; Anon. 2019a; Baxter 2020; Jordaan 2021 ten opsigte van patrone van politieke onstabiliteit in Suid-Afrika). State soos die VSA, Nieu-Seeland en Australië het ook onlangs hulle burgers en belanghebbendes gewaarsku teen die verslegtende situasie hier.³

Die perspektief dat Suid-Afrika politiek, ekonomies en maatskaplik in krisis verkeer word deur talle akademici, politici binne en buite die regerende party, asook talle kommentators binne en buite Suid-Afrika beklemtoon. 'n Gees van "kollektiewe depressie", vergelykbaar met die Zuma-era en staatskaping, is tans besig om pos te vat. Johnson (2023) beskryf hierdie gevoel soos volg: "The equivalence between the ANC and failure is so complete that it's literally impossible to imagine a successful future under ANC governance." Stelselreaksies op die aard van die aangeduide krisis vir demokratiese en grondwetlike waardes beklemtoon uitkomst soos stelsel-disintegrasie wat op sy beurt tot 'n "hibriede regime" (Matthee 2019:1–17; Walsh en Mnyandu 2023), gedwonge desentralisme of enklawevorming (Malan 2023) en selfs parallelle strukture (Duvenhage 2023a:116–48) aanleiding kan gee. Sentralisasie van politieke mag in die presidensie; wetgewing met 'n populistiese strekking; die abdikering van pligte en verantwoordelikhede (Malan 2023); of wat as gedwonge privatisering beskou kan word, is belangrike uitkomst van hierdie eskalerende krisis, dikwels met botsende uitkomst betreffende byvoorbeeld sentralisme versus desentralisasie.

Dit is nie meer 'n kwessie van óf Suid-Afrika in krisis verkeer nie, maar wel hoe ernstig die krisis is en of die situasie nog rehabiliteerbaar is al dan nie. Laasgenoemde stelling laat die vraag ontstaan of daar politiek gesproke 'n uitweg uit die krisis is en of Suid-Afrikaners maar vir lief moet neem met die werklikhede van politieke en staatkundige verval, ekonomiese agteruitgang en toenemende maatskaplike vraagstukke. Laasgenoemde hou verband met groeiende armoede, werkloosheid en ongelykheid.

Uitgaande van die perspektief dat Suid-Afrika in krisis verkeer en dat die krisis besig is om te verdiep, bestaan die oortuiging tog dat die rehabilitasie van die staat, samelewing, politieke stelsel en maatskaplike orde wel moontlik is; dat dit langdurig mag wees; maar dat die eerste stappe in sodanige proses nou dringend geneem moet word. Staatlike en nie-staatlike rolspelers behoort deel van 'n inklusiewe proses te wees en momentum te gee in die soeke na antwoorde op die genoemde uitdagings. Soortgelyk aan die 1980's en 1990's, hoewel geensins identies

nie, word die Suid-Afrikaanse staat weer eens gekonfronteer met die keuse van “revolusie” (voorgestel as toenemende patrone van politieke onstabiliteit) of “radikale hervorming” soos hier bo na verwys.

Hoewel talle skrywers, soos aangedui in die teks, die noodsaak van konstruktiewe verandering beklemtoon, is daar so ver vasgestel kan word geen ondersoek gedoen na die noodsaak van omvangryke strukturele hervorming, waarin daar ’n uitgebreide motivering gestel is en wat met ’n oorhoofse strategiese raamwerk en ’n hervormingsagenda opgevolg is nie. Dit is dan ook die doel van hierdie navorsing.

Indien daar op die weg van strukturele hervorming besluit word, soos hier voorgestel word, is die volgende navorsingsvrae belangrik:

1. Wat behels die krisis in Suid-Afrika (politiek, ekonomies en maatskaplik)?
2. Wat lê ten grondslag van sodanige krisis?
3. Waarom is fundamentele hervorming noodsaaklik en wat wil daarmee bereik word?
4. Wat sal politieke hervorming in die strategiese sin van die woord behels?

Die sentrale doelstelling van die artikel is om die belangrikheid van en noodsaak vir fundamentele hervorming van die Suid-Afrikaanse staat te motiveer, die implikasies hiervan uit te stippel, en die strategiese konteks vir politieke hervorming aan te dui. Aangesien die politieke konteks nie los van die ekonomiese en maatskaplike terrein beskou kan word nie, sal aandag ook hieraan gegee word, maar op sekondêre vlak. Metodologies is hierdie navorsingstuk kwalitatief van aard en daar word op geïntegreerde wyse met ’n konseptuele/analitiese raamwerk as uitgangspunt gewerk, wat ook toepassing vind in die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks. Die navorsingsdoelwitte behels die volgende punte van ondersoek:

1. Die krisis van die Suid-Afrikaanse staat en samelewing;
2. Die noodsaaklikheid vir fundamentele hervorming;
3. Fundamentele politieke hervorming – konseptualisering en implikasies;
4. Strategiese aspekte van politieke hervorming in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die krisis van die staat, ekonomie en samelewing word as uitgangspunt hanteer.

2. Die krisis van die Suid-Afrikaanse staat en samelewing⁴

Met sake soos diensleweringuitdagings (elektrisiteit, water, infrastruktuur en sanitasie); beperkte tot negatiewe ekonomiese groei oor lang periodes; patrone van politieke onstabiliteit, soos die geweld van Julie 2021; en toenemende maatskaplike uitdagings soos werkloosheid, armoede en ongelikheid, is die meeste ontleders, kommentators en selfs politici van verskeie partye met uiteenlopende ideologiese oriëntasies dit eens dat Suid-Afrika politiek, ekonomies en maatskaplik in krisis verkeer.⁵ Die sentrale uitgangspunt van hierdie skrywe is dat die oorhoofse probleem te make het met die verval van die politieke, ekonomiese en maatskaplike orde binne die groter staat/samelewing. Malan (2023) verwys hierna as “(the) disintegration of the South African order” met die beklemtoning van die verval van die staatsorde; die krisis van die ideologie van transformisme; die verlies van die monopolie op staatsmag; en die verval van nasionale infrastruktuur

(vergelyk ook Majozi, 2023, se ontleding in hierdie verband). Met die verval van hierdie groter orde manifesteer daar verskeie probleme soos dit uitspeel op polities-staatkundige, ekonomiese en maatskaplike terrein. Opsommenderwys het Suid-Afrika met 'n staatkundige krisis te make, waarvan 'n grondwetlike krisis, veral ingevolge die toepassing van grondwetlike waardes en spelreëls, 'n belangrike onderdeel is. Hierdie krisis lê ten grondslag van uitdagings soos die verval van plaaslike regering, gebrekkige ekonomiese groei, asook maatskaplike kwessies wat verband hou met sake soos toenemende armoede, diensleweringsuitdagings en werkloosheid.⁶

Ten einde die aard en omvang van die problematiek in Suid-Afrika te verstaan moet *sentralistiese staatspraktyke*, ingebed in vorme van sosiale en politieke ingenieurswese⁷ (en die dinamiek hieraan verbonde), eers beter verstaan word. *Sosiale ingenieurswese* beteken om sosiale veranderinge te bewerkstellig deur volgens 'n makroplan (of raamwerk) regulatief die gedrag van die burgers te reël en “ontwikkeling van die samelewing” te bevorder deur aktief en proaktief hierdie plan te beheer en te bestuur. Hiervolgens word 'n sentrale makroplan of politieke raamwerk opgestel, meestal met gekompliseerde en tegniese reëls van toepassing op die terrein van die politiek, ekonomie en samelewing, wat deur die staat sistematies toegepas, in werking gestel en geëördineer word. Hoewel hierdie makroplanne sterk ideologies gefundeer en daarom telkens baie rigied is, het historiese voorbeelde tog bewys dat beperkte, maar dikwels onvoldoende evolusionêre veranderinge van hierdie planne wel moontlik is om by veranderende omstandighede te kan aanpas. Voorbeelde van makroplanne sluit in die meeste kommunistiese en sosialistiese eksperimente oor die wêreld heen; kolonialisering tydens die 18de en 19de eeu, veral vanuit Wes-Europa ten opsigte van talle dele van die sogenaamde Derde Wêreld; ujamaa-sosialisme (Tanzanië); radikale sosialisme onder leiding van Abdul Nasser tydens die 1950's; en ook apartheid. Kenmerkend van hierdie vorme van makrososiale en politieke ingenieurswese, veral die tipe wat as “utopiese sosiale ingenieurswese”⁸ voorgehou kan word, is dat hierdie planne heel dikwels outoritêr en onderdrukkend kan wees of as sodanig mag ontwikkel (vergelyk Popper 1945 in hierdie verband). Uitkomstes soos in die vooruitsig gestel deur hierdie planmatige raamwerke word selde bereik en die sosiale, ekonomiese en politieke implikasies daarvan kan telkens baie negatief wees vir die burgers, of as sodanig deur laasgenoemde ervaar word (vergelyk Duvenhage 2021:713–37, vir die negatiewe uitwerking van politieke transformasie op die huidige Suid-Afrikaanse samelewing).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks het ons te make met 'n unieke vorm van “sosiale ingenieurswese”, een waarin die ras-aspek tot absolute norm verhef word. Kolonialisme en apartheid (ook na verwys as afsonderlike ontwikkeling) het primêr met vorme van rasseklassifikasie gewerk waarin norme soos velkleur, haarvorm ens. 'n mens se politieke, ekonomiese en sosiale status en rol bepaal het. Hierdie toepassing kan voorgehou word as 'n vorm van “rasgedefinieerde ingenieurswese” waarin taal en kultuur (identiteite) ook in berekening gebring is en soms bo-op raskriteria geplaas is. Afsonderlike ontwikkeling het ruimte gelaat vir die uitlewing van 'n bepaalde etniese of kulturele identiteit binne 'n gedefinieerde territorium – ook na verwys as staat – waarvan Transkei, Ciskei en Bophuthatswana kan getuig. Ironies gesproke, ondanks die beklemtoning van 'n “nirassige en nie-seksistiese samelewing” as absolute norm vir politieke transformasie, het die nuwe bedeling (post-1994) die rassedemografie van die samelewing met verteenwoordigendheid as grondslag beklemtoon en het die institusionalisering daarvan (polities, ekonomies en maatskaplik) plaasgevind op 'n grondslag van wat vroeër as rasgebaseerde ingenieurswese beskryf is.⁹

Uitgaande van die idee van 'n nasionaal-demokratiese revolusie (NDR)¹⁰ as leitmotief of ideologie, het die oorhoofse beleidraamwerk van *transformasie* (*transformatisme* as ideologie) as teenvoeter vir koloniale en apartheidspraktyke sedert 1994 die makropolitieke raamwerk vir

Suid-Afrika geword. Hiervolgens kom transformasie neer op die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke, sosiale en ekonomiese verandering van die staat en samelewing, voortspruitend uit 'n onaanvaarbare koloniale en apartheidsverlede, wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale ingenieurswese, politieke beplanning en manipulasie), hegemonies bedryf deur 'n politieke elite met die klem op die bestuur van verandering en die konflikte wat hiermee saamhang (vergelyk Duvenhage 2005a:11; 2005b:1–17).

In die strewe om 'n gelykmakende samelewing ooreenkomstig die makroplan van transformasie daar te stel, is *verteenwoordigendheid* op grond van ras as norm verabsoluteer. Hiervolgens word radikale “chirurgie” (politieke ingryping onder leiding van die voorhoedeparty, oftewel die ANC) beklemtoon in die totstandbrenging van 'n nuwe politieke, ekonomiese en maatskaplike orde. Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (IRV) wys byvoorbeeld daarop dat Suid-Afrika tans oor 132 stukke wetgewing beskik waarin ras, velkleur of etnisiteit as fundamentele kriteria aangedui en as sodanig toegepas word. Hiervan is 116 stukke wetgewing sedert 1994 aanvaar (Mynhardt 2023:1).

Onlangs is wetgewing ook gepromulgeer wat waterregte op grond van ras en verteenwoordigendheid wil reguleer (Johnson 2023). Hierdie vorm van sosiale en politieke ingenieurswese, ook na verwys as die ideologie van *transformatisme*, word reeds vir sowat 30 jaar toegepas, met verreikende implikasies op bykans elke terrein van die staat, samelewing en ekonomie (Duvenhage 2021:713–37). Dit is 'n sentrale uitgangspunt van die skrywer dat sentralisties bestuurde vorme van sosiale en politieke ingenieurswese waarin die gelykheidsbeginsel vooropgestel word, soos aangetref in talle vorme van sosialistiese praktyke oor die wêreld heen, tot mislukking gedoem is. Die antwoord lê eerder in liberaal-demokratiese staatspraktyke waarin die onderskeiding van die staatlike en die niestaatlike vooropgestel word en waarin kenmerke soos minimum regering, grondwetlike regering, gewaarborgde burgersvryhede, gereelde en vrye verkiesings en 'n onafhanklike regbank beklemtoon word.¹¹

Die harde werklikheid, oftewel die *empiriese staat*, verskil nietemin dramaties van wat ingevolge die normatiewe grondslag (soos in die vooruitsig gestel deur die “sosiopolitiese ingenieurs”) as oorhoofse doel gestel is, naamlik 'n gelykmakende samelewing saamgestel uit die getransformeerde individue. Enkele aspekte van die groter krisis, onder meer as uitkoms van *transformatisme*, word verder op grond van normatiewe en empiriese kriteria kortliks toegelig.

3. Polities-staatkundig

3.1 'n Verswakkende staat

Swak grensbeheer en korrupsie (*sagte state*); benewens owerhede se onvermoë tot ontwikkelingsgerigtheid (*swak state*); en die verdere toevoeging van verlies aan soewereiniteit (*gevalle state*) beklemtoon die tendens van 'n verswakkende staat wat duidelik in Suid-Afrika waarneembaar is.¹² *Eunomics: Business & Economics* (2020:5–6), 'n bekende ontledingsgroep, projekteer dat Suid-Afrika teen 2030 'n “gevalle staat” gaan wees. Uitgebreide wanfunksionaliteit in die groter owerheidsektor (nasionale, provinsiale en plaaslike regering) en semi-staatsinstellings (Eskom, Transnet, die Poskantoor, Landbank, Denel, SAUK) is 'n algemene verskynsel. (Vergelyk ook Bloomberg 2020, vir 'n soortgelyke perspektief.) Verlies aan beheer oor die territorium, byvoorbeeld krygshere, politieke mafiagroepes, zama-zamas ens.¹³ is 'n uitkoms van verswakkende staat-

strukture; die inploffing van die strafregstelsel; en toenemende misdaad asook die “politieke rol” van regeringslui en kaders in misdaadsindikate en -kartelle. Die bevindinge van die Zondokommissie, die bekende en omstrede boek van André de Ruyter, *Truth to power* (2023), asook talle werke met ’n ondersoekende joernalistieke strekking, beklemtoon die verdorwe rol van politici en regeringsamptenare (lees *kaders*) in hierdie verband. (Vergelyk die werke van Pauw 2017; Chipkin en Swilling 2018; Myburg 2019 en Johnson 2015.) Die ernstige wanfunksionele aard van die huidige staatkundige bestel dra verder by tot die ontwikkeling van parallelle strukture ten opsigte van veiligheid en misdaadbekamping, administratiewe uitkontraktering, gesondheid, onderwys en infrastruktuur, waar in sommige omgewings ’n gedeeltelike *de facto*-parallelle staat die uitkoms en heenkome vir burgers geword het. Laasgenoemde staan in skrilte kontras met sentralisme, wat deel vorm van ANC-ideologie, -beleid en -beleidstoepassing.

3.2 *Patrimonialisme en neo-patrimonialisme*

Onderliggend aan die verswakkende staat is tendense wat as neo-patrimoniaal beskryf kan word, waarin geselekteerde individue en/of elites (soms mafias, soos die geval by onder meer ESKOM) in ’n korrupte verhouding met kliënte (burgers) staan en waarin staatsbronne misbruik word om beide groepe tot voordeel te strek. ’n Neo-patrimoniale stelsel word deur Bratton en Van de Walle (1998:62) as ’n “hibriede stelsel” beskryf, waarin

[...] customs and patterns of patrimonialism co-exist with, and suffuse, rational-legal institutions [...]. The charismatic feature of neo-patrimonialism is the incorporation of patrimonial logic [into] bureaucratic institutions [...]. [P]arallel and unofficial structures may well hold more power [as] an authority than the formal administration.

Hierdie praktyk, asook die uitkomst wat daarmee geassosieer word, word wyd in die huidige politieke bestel in Suid-Afrika aangetref en lê ten grondslag van korrupsie, nepotisme (lees kaderontplooiing), konflik in die algemeen en selfs elitekonflikte binne die raamwerk van die regerende ANC.¹⁴

3.3 “*Konstitusie versus konstitusie*”

Met die voorafgaande as agtergrond onderskei Malan (2019:5) tussen die *1996-Konstitusie* en dan wat hy noem die ander “*konstitusie*”. Laasgenoemde verwys na *transformatisme* (die makro-raamwerk waarna vroeër verwys is en die wette wat daaruit voortspruit), wat verantwoordelik is vir die definiëring van die politieke, ekonomiese en maatskaplike spelreëls waarvolgens die staat die samelewing bestuur en reguleer. Volgens Malan (2019:1–5; 65–91; 93–130) oorheers, ondermyn en bepaal *transformatisme* (die “konstitusie”) selfs die amptelike “Konstitusie”.

Die uitkoms hiervan is ’n grondwet wat nie oppermagtig is nie; die oppergesag van die reg wat op ideologiese gronde ondermyn word; asook diskriminerende praktyke op grond van ras, klas en taal/kultuur wat floreer. (Vergelyk in hierdie opsig Matthee 2019:2–3 se konseptualisering van Suid-Afrika as ’n “hibriede regime”.) Suid-Afrika word selfs voorgehou as ’n mislukte eksperiment in die vestiging van sy demokrasie, vergelykbaar met Hongarye, Pole en Indië (Balthazar 2022). Met as raamwerk ’n *verswakkende staat*, en die toepassing van radikale ideologiese wetgewing, kan hier met reg na ’n grondwetlike krisis in die huidige tyd verwys word.

3.4 Radikale en populistiese wetgewing

Met 'n geskiedenis van institusionele diskriminasie afkomstig vanuit 'n koloniale en apartheids-omgewing en 'n grondwet wat alle vorme van diskriminasie verbied (nierassig, nieseksisties, met beklemtoning van gelykheid), is verwag dat post-1994 'n *nuwe bedeling* sou inlei. Met *transformatisme* as makroaamwerk (Malan 2019 se “konstitusie”), is daar nietemin wetgewing met diverse fokus gepromulgeer (of besig om te ontwikkel), wat as uiters rasgedrewe beskryf kan word en ook as sodanig toegepas word. Met *transformatisme* as ideologiese grondslag, en verteenwoordigendheid as norm, is wetgewing wat toegespits is op swart bemagtiging (BEE-wetgewing), die bevordering van gelykheid (ekwiteitswetgewing), arbeidswetgewing en wetgewing gerig op grondhervorming en ander vorme van maatskaplike en ekonomiese hervorming, op uitgebreide skaal gepromulgeer (vergelyk Duvenhage 2005a:1–40; 2005b:1–19; 2007a:19–41).

Hierdie wetgewende konteks is gebruik om swart mense wetlik te bevoordeel ten koste van minderheidsgroepe, inbegrepe wit, bruin en Indiër. Daar is vandag (ongeveer die bepalinge van die 1996-Grondwet) net so veel wetgewing van 'n diskriminerende aard as in die periode voor 1994, maar met 'n omgekeerde uitgangspunt (omgekeerde apartheid) (vergelyk Mynhardt 2023:1–5). Waar die toepassing van ouer wetgewing na 1994 primêr op die staats- en semi-staatsektor van toepassing was, word dit nou ook op die niestaatlike omgewing van toepassing gemaak (Johnson 2023). Nie net is hierdie wetgewing diskriminerend van aard nie, maar demokratiese beginsels word hierdeur ondermyn. Die toepassing van kaderontplooiing dra by tot nepotisme, korrupsie en selfs endemiese korrupsie¹⁵ (vergelyk Booysen 2011:484; Matthee 2019:2–3). Wanneer laasgenoemde institutionaliseer soos dit tans in Suid-Afrika plaasvind, het ons met *staatskaping* te make.¹⁶

Verskeie nuwe of beplande wette met 'n diskriminerende en/of populistiese strekking (soos hierbo na verwys) word ook in die vooruitsig gestel. Hieronder tel die hersiene *Wet op In diensnemingsgelykheid* (raskwotas vir die privaatsektor met multimiljoenrandboetes indien nie daaraan voldoen word nie); die *Onteieningswetsontwerp [23–2020]* (bedreig eiendomsbesit met negatiewe implikasies vir voedselsekerheid en investering); *2022-Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette* (die sentralisering van mag en beheer ten opsigte van taalbeleid; toegang tot en samesmelting van skole; die regulering van private onderrig; en ander diktatoriale handelinge); *Wetsontwerp op die Voorkoming en Bestryding van Haatmisdade en Haatspraak* (haatspraak sluit nou sosiale en emosionele aspekte in); *Wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond [B8-2021]* (die evaluasie en klassifikasie van grond met onteiening as doel; regulatiewe maatreëls om grond te bestuur); en die *Wetsontwerp op Gesondheidsversekering* (gelyke toegang tot gesondheidsorg met verreikende implikasies vir private gesondheidsorg en bekostigbaarheid).

Wetgewing afkomstig vanuit hierdie transformatiewe omgewing is nie net diskriminerend van aard nie, maar ondermyn sentrale demokratiese en ook grondwetlike beginsels soos dit in die 1996-Grondwet beskryf en bepaal is. Mag word hiervolgens gesentraliseer, wat op sy beurt korrupsie en staatskaping bevorder het deur van praktyke soos kaderontplooiing (gekamoeftel as transformasie ter bereiking van ekwiteit en verteenwoordigendheid) gebruik te maak. In haar ope brief aan Ramaphosa stel Mamphela Ramphele (2023) dit só: “the current impunity, incompetence and utter disrespect of citizens at points of service: health, education, social welfare and everywhere, undermine our democracy at a fundamental level”.¹⁷ Die populistiese aard van wetgewing het ook baie te make met die ANC as party se verlies aan steun oor die afgelope dekades en die bedreiging wat die 2024-verkiezing vir die “bevrydingsparty” inhou.

3.5 Steunverliese vir die regerende party

'n Tendens rakende dominante partystelsels (een party wen 'n verkiesing verskeie kere agtereenvolgens) wat in krisistye beheer geneem het (Angola, Mosambiek, Zimbabwe en Botswana in Suider-Afrika teen die agtergrond van die beëindiging van kolonialisme, maar ook internasionaal, soos Israel en Indië), toon kleinerwordende steunbasisse oor die langer termyn as 'n werklikheid. Hierdie tendens is ook opvallend waarneembaar ten opsigte van die ANC wat sedert 1994 (nou bykans 30 jaar) aan bewind is. (Vergelyk Matthee 2019:5–6; Eloff 2022 en Jonas 2021, ten opsigte van 'n verswakkende ANC.) Tydens die 1999- en 2004-verkiesing kon die ANC bykans (of net meer as) twee-derdes van die steun op nasionale vlak verwerf. Na aanvanklike steunverbetering het hierdie steunbasis nietemin oor die jare heen dramaties gekrimp, soos die volgende syfers duidelik beklemtoon:

Tabel 1. ANC-steun

Bron: Du Toit en De Jager (2015)

Datum	ANC-steun (persentasie)
1994	62,5%
1999	66,35%
2004	69,69%
2009	65,9%
2014	62,15%
2019	57,5%

Tydens die 2021- plaaslike verkiesings kon die regerende ANC vir die eerste keer nie 'n volstrekte meerderheid (nasionaal gesproke) behaal nie, met net 47,52% van die nasionale steun op plaaslike vlak – die laagste sedert 1994. By sowat 70 plaaslike regerings (inbegrepe metropole soos Ekurhuleni, Johannesburg, Tshwane, Nelson Mandelabaai en eThekweni) was *hanggrade* (munisipaliteite sonder volstrekte meerderhede vir enige party) die uitkoms, en koalisiepolitiek 'n noodwendige gevolg (vergelyk Mashanini 2021). Onsuksesvolle koalisievorming het dikwels die weg gebaan vir onstabiliteit, soos onlangs in die metropole, waaronder Tshwane, Johannesburg en Ekurhuleni, waargeneem is (Duvenhage 2022:187–214).¹⁸

Met betrekking tot die 2024-verkiesing wys meningspeilings verder daarop dat dit wat landwyd waargeneem is tydens die 2021- plaaslike verkiesings, ook nasionaal en provinsiaal, veral in sekere provinsies, 'n besliste moontlikheid is. 'n Interne ANC-peiling het onlangs getoon dat die steun van die party tot selfs onder 40% kan daal en dat die ANC hulle meerderhede in ses provinsies, selfs KZN, kan verloor (Boonzaai 2022:1). Ipsos Markinor bereken daarenteen die steun van die ANC op sowat 42% (Haffajee 2022a; Mwareya 2022). Ander peilings toon nietemin die onvermoë van opposisiepartye om munt uit die situasie te slaan en wys daarop dat die ANC moontlik 50% steun kan verwerf (Businessstech 2022; Haffajee 2022b). Wat ook al die uitkoms van die 2024-verkiesing, staar die ANC dalende steunvlakke en die moontlike verlies van 'n absolute meerderheid in die gesig. Die totstandkoming van die MK-party waarin Jacob Zuma 'n prominente rol speel, dui op verdere uitdagings vir die ANC tydens die 2024-verkiesing, met verdere steunverliese as uitkoms. Dit beteken nasionaal gesproke die bereiking van 'n politieke kantelpunt, ook in sommige provinsies, en 'n ander politieke werklikheid wat binne 'n nuwe politieke paradigma bestuur sal moet word.

3.6 Die inploffing van die strafregstelsel

'n Belangrike aspek van 'n verswakkende staat is die agteruitgang en verval van die strafregstelsel, soos duidelik in Suid-Afrika blyk.¹⁹ Dit vind plaas teen die agtergrond van toenemende misdaad, inbegrepe toenemende georganiseerde misdaad,²⁰ en endemiese korrupsie soos uitgewys in onder meer die verslae van die Seriti- en Zondo-kommissie, asook die De Ruyter-episode (daar is vroeër na sy boek verwys), om net enkele aspekte uit te lig. Hierdie bydraes beklemtoon die verval van die staat en wat voorgehou kan word as die vestiging van 'n misdaadgedrewe staat onder leiding van die ANC, en ontplooi kaders binne die groter politieke regime. (Vergelyk ook Haffajee 2022c in hierdie verband.) Curlewis (2022) laat hom soos volg uit oor die stand van die strafregstelsel in Suid-Afrika: "Over the last 10 years or more the NPA has become better known for its failure to successfully prosecute than for doing its core job, particularly regarding high-profile cases of corruption involving corporations, state officials and politicians." Die suksesvolle gebruik van die sogenaamde "Stalingrad-strategie" (die kadergedrewe administratiewe en politieke ondermyning van die Nasionale Vervolgingsgesag) laat ernstige kommer oor die onafhanklikheid, integriteit en effektiwiteit van die regstelsel in Suid-Afrika, in die besonder die strafregstelsel. Met bogenoemde politieke konteks as verwysing, word daar voorts ekonomiese aspekte van die huidige situasie toegelig, en die noodsaak vir fundamentele hervorming voortspruitend uit hierdie konteksstelling word beklemtoon.

4. Ekonomies

Die ekonomiese situasie en die uitdagings in hierdie verband moet in noue samehang met die voorafgaande politieke konteks gelees word. Die volgende aspekte verdien vermelding: radikale wetgewing en oorregulering; ekonomiesegroei-vooruitsigte; 'n beperkte belastingbasis; die fiskale afgrond; en die vlug van kapitaal en deïndustrialisering. Aan elkeen van hierdie aspekte word kortliks aandag gegee.

4.1 Radikale wetgewing en staatsregulering

Met *transformatisme* as oorkoepelende raamwerk het talle stukke wetgewing die lig gesien met as doel die vernietiging van die koloniale en apartheidsverlede en die bevordering van ekonomiese en maatskaplike gelykheid. Planne soos die RDP, GEAR, ASGISA en NOP het as sekondêre raamwerke gedien vir radikale wetgewing met 'n BEE-grondslag en kaderontplooings as strategie ter bereiking van die oorhoofse transformatiewe doelstelling van 'n "nierassige, nieseksistiese, demokratiese en vooruitstrewende samelewing" (Duvenhage 2005a:1–40; 2005b:1–19; 2007a:19–41). Mega-staats- en administratiewe strukture is tot stand gebring om uitvoering hieraan te gee, met gepaste strafmaatreëls as daar nie aan gestelde vereistes voldoen kan word nie. Die strukture wat tot stand gekom het, was dikwels ondemokraties in hulle wyse van optrede en telkens ook diskriminerend. Minderheidsgroepe was dikwels die teiken van diskriminasie, soortgelyk aan die apartheidsbedeling, maar in 'n omgekeerde sin. Swartbemagtigings-, ekwiteits-, arbeids- en verwante wetgewing is gepromulgeer, met as uitkoms 'n duidelike ondermyning van die onderskeid tussen die staatlike sfeer en die niestaatlike omgewing geassosieer met demokratiese bedelings en vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet. Onlangs het hierdie wetgewing ook 'n meer radikale en selfs desperate inslag weerspieël, soos waarvan die Hersiene Wet op Gelyke In diensneming getuig. Volgens hierdie wet word raskwotas vir die privaatsektor voorgeskryf, met boetes van multimiljoen rand indien daar nie aan die betrokke wetgewing voldoen word nie.

Hierdie wetgewing beoog om transformasie in die Suid-Afrikaanse werksmag te bevorder deur indiensnemingsteikens vir ekonomiese sektore en geografiese streke daar te stel (Mynhardt 2023:1–5). Op sy beurt beoog die Onteieningswetsontwerp (23–2020) om die gelyke besit van produksiefaktore, ooreenkomstig bogenoemde ideologiese grondslag, te bevorder en af te dwing, terwyl verdere wetgewing ook in die vooruitsig gestel word om waterlisensies net toe te staan aan boere wat aan swartbemaatigingsvereistes voldoen. Hierdie wetgewing (of beoogde wetgewing) moet gelees word teen die agtergrond van reeds gevestigde praktyke dat alleen maatskappye wat volgens swartbemaatigingskriteria geakkrediteer is, sal kwalifiseer vir staatstenders.

Hierdie wetgewing is nie net drakonies en diskriminerend nie, maar dit bots ook met demokratiese norme soos vervat in die Grondwet en die Handves van Regte. Die radikale aard van die genoemde wetgewing (asook talle ander verwante stukke wetgewing vanuit dieselfde ideologiese grondslag) is nie net uiters negatief vir ekonomiese investering en groei nie, maar bevorder boonop die vlug van kapitaal asook kundigheid (verlies aan breinskrag weens emigrasie). Hierdie aspekte word volgens kortliks toegelig.

4.2 Ekonomiese groei en groeivoorsigte

Sterk en stabiele ekonomiesegroeipatrone kenmerkend van die Mandela- en Mbeki-eras het sedertdien verval tot beperkte tot lae groeikoerse, stagnasie en in sommige gevalle negatiewe groeipatrone. Dekades lank was Suid-Afrika die grootste ekonomie op die vasteland, maar die *World Economic Outlook* (2022, soos aangehaal deur Rossouw (2022)) identifiseer Suid-Afrika tans (naas Nigerië en Egipte) as slegs die derde grootste ekonomie op die vasteland. Rossouw (2022:3) wys daarop dat die sakesiklus in Suid-Afrika sedert Desember 2013 in 'n daal fase verkeer, die langste sedert die Tweede Wêreldoorlog, naamlik agt jaar. Tydens die vierde kwartaal van 2022 is 'n negatiewe groei van -1,3% van die BNP gemeet (BusinessTech 2023a:1–6). Die feit dat Suid-Afrika onlangs op die sogenaamde *gryslus* geplaas is, vir state wat hulle skuldig maak aan geldwassery en betrokkenheid by, en/of ondersteuning van terreurorganisasies (vergelyk Burger 2023:1–3), is ongetwyfeld negatief vir ekonomiesegroeivoorsigte in Suid-Afrika. Suid-Afrika se plasing op die *gryslus* striem ekonomiese belegging en beperk of reguleer toegang tot die internasionale finansiële wêreld. Dit gebeur in 'n tydperk waar ekonomiese belegging broodnodig is om maatskaplike vraagstukke soos werkloosheid, armoede en ongelykheid te hanteer.

Die onlangse waarskynlike voorsiening van wapens aan Rusland (die omstrede *Lady R*-episode) en die moontlike (nou afgestelde) besoek van die Russiese leier Vladimir Putin aan Suid-Afrika vir die beoogde BRICS-beraad geskeduleer vir Augustus 2023 het, ongeag die waarheid hiervan al dan nie, reeds 'n negatiewe impak op die ekonomie, soos weerspieël in die dalende waarde van die rand. Laasgenoemde het in Junie 2023 tot 'n rekordlaagtepunt van R19,85 teen die Amerikaanse dollar gedaal. Botsing met die VSA (dit lyk tans onafwendbaar) mag die AGOA-ooreenkoms in gevaar stel, met verreikende implikasies vir die landbou en voertuigbedryf.²¹ Dit is duidelik dat die ANC-regering politieke-ideologiese oortuiginge en geskiedkundige vriendskappe (Rusland se steun vir die ANC tydens die bevrydingstryd) belangriker ag as gesonde besluitneming in die ekonomiese belang van die meerderheid Suid-Afrikaners.

4.3 'n Beperkte belastingsbasis en fiskale afgrond

Kommer oor Suid-Afrika se beperkte belastingsbasis versus toenemende verantwoordelikhede en verpligtinge van die staat bestaan reeds dekades lank. Solidariteit se navorsingsinstituut het reeds in 2012 aangedui dat 3,3 miljoen mense (uit toe meer as 50 miljoen) sowat 99,9% van persoonlike belasting betaal het, 2,3 miljoen 93% en slegs 1,5 miljoen sowat 84% (Joubert 2013).

Die navorsing van Steenkamp (2019:3) het verder bevind dat die werklike getal persoonlike belastingbetalers van sowat 5,99 miljoen tydens 2013/4 tot 4,89 miljoen in 2016/7 gedaal het. Boonop het die belastinglas per belastingbetaler in dieselfde tyd met gemiddeld R45 702 tot R65 601 toegeneem. Minder mense betaal dus meer belasting; die staat se finansiële verpligtinge en staatskuld neem toe; en dienslewering verswak ('n *verswakkende staat*), soos vroeër beklemtoon. Die begroting van 2022/23 toon dat, van die 7,4 miljoen geregistreerde belastingbetalers (uit 'n bevolking van meer as 60 miljoen), sowat 8% (608 000 belastingbetalers met 'n inkomste van meer as R750 000) tans 50,6% van alle persoonlike belasting betaal. Laasgenoemde is sowat 20% van die totale fiskus (Rossouw 2022:4). Tussen 2017 en 2021 het sowat 40 500 belastingbetalers aan die belastingregime onttrek. Tussen 2018 en 2021 het sowat 35 000 belastingbetalers met 'n totale verdienste van R8,5 miljard (belastingpligtig R2,5 miljard) uit die belastingnetwerk verdwyn (Businessstech 2021; 2023a:1–6).

Plaas bogenoemde teen die agtergrond van toenemende en groeiende maatskaplike toelaes (bykans 20 miljoen mense ontvang tans toelaes), met die spesiale COVID-19-toelaag wat onlangs van 2022 tot Maart 2024 verleng is, en die volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie word onder druk geplaas. In samehang met 'n toenemende skuldlas praat sommige ekonome van 'n fiskale afgrond wat ons in die gesig staar (Matthee 2019:6–7).

'n Fiskale afgrond word bereik wanneer staatsvergoeding, maatskaplike toelaes en rente op staatskuld alle staatsinkomstes oortref (Rossouw 2022:4). Verskeie ekonome en politieke wetenskaplikes, waaronder Johnson (2015), se voorspelling van 'n ekonomiese en finansiële krisis, en Parsons (2021:1) se verwysing na 'n moontlike soewereine skuldkrisis, beklemtoon die werklikheid van 'n fiskale afgrond. (Vergelyk ook Cameron 2020b in hierdie verband.) Rossouw (2022:4) motiveer Suid-Afrika se groeiende skuldlas deur daarop te wys dat, tydens die 2007/8 finansiële boekjaar, die skuldlas 55% van regeringsinkomste gemeet het, maar teen 2022/3 het hierdie persentasie tot 74,4% gestyg. Die redes hiervoor hou verband met uitgebreide en verhoogde maatskaplike toelaes; die COVID-19-pandemie en die ekonomiese implikasies daarvan; die verval van staats- en semistaatsinstellings; en 'n verswakkende wêreld ekonomie. (Vergelyk Matthee 2019:7.) Populistiese beleidsrigtings om steunbasisse tevrede te hou, asook megaprojekte verbind tot die nasionale projek van transformasie (byvoorbeeld die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan), skeppolitiese verwagtinge. Indien daar nie aan voldoen sou word nie, is die resultaat patrone van politieke onstabiliteit wat, soos vroeër aangedui, besig is om toe te neem.²²

4.4 Die vlug van kapitaal en deïndustrialisering

Redes vir die uitvloei van noodsaaklike ontwikkelingskapitaal hou verband met die uitvoering en die gevolge van die nasionale projek van transformasie; patrone van politieke onstabiliteit en 'n verswakkende staat; beurtkrag en infrastrukturele agteruitgang; staatskaping en korrupsie; asook ander redes waarna reeds in die teks verwys is. In die 18 maande tot en met 2017 het daar na berekening sowat R350 miljard die land verlaat. (Soobramoney 2017:1. Vergelyk ook Du Plessis 2023, Matthee 2019:8–9 in hierdie verband.) Berekeninge dui daarop dat soveel as R4,9 triljoen (bykans een-derde van die nasionale begroting van 2019) deur politieke elites en meelopers (lees ook kaders) van instellings onder diegene se beheer gekeer is.

Die bekende finansiële kenner Magnus Heystek (soos aangehaal in Cameron 2019) beklemtoon verder dat sowat R500 miljard die Johannesburgse effektebeurs sedert 2015 verlaat het. Die feit dat graderingsmaatskappye soos Standard & Poor's asook Global (vergeleek Du Plessis 2023:1–4) Suid-Afrika se gradering afwaarts aangepas het en die nuwe *gryslys*-status (waarna

reeds verwys is) is faktore wat bydra tot die vlug van kapitaal asook verminderde investering. Businesstech (2021) het byvoorbeeld bereken dat tot 23 000 belastingbetalende burgers Suid-Afrika in onlangse belastingjare verlaat het. Buys (2020) verwys na die “‘Revolusie’ van die rykes” in hierdie verband. Die moontlikheid van direkte of indirekte sanksies vanuit die Weste kan ook nie uitgesluit word nie, as gevolg van Suid-Afrika se ondersteuning van Rusland in die Russies-Oekraïense oorlog asook steun vir die Palestyne in hulle oorlog teen Israel.

’n Patroon wat saamhang met die vlug van kapitaal is deïndustrialisering, tans prominent waarneembaar in Suid-Afrika, wat dui op die verwydering of vermindering van die industriële vermoë van ’n staat of bepaalde streek – in hierdie geval Suid-Afrika (vergelyk Turton 2019; Odendaal 2017).²³ Die ekonomiese en finansiële implikasies van bogenoemde spreek vanself.

4.5 Sosiale en maatskaplike vraagstukke

Sosiale en maatskaplike toestande is dikwels grondliggend aan en ook bepalend vir politieke en ekonomiese besluitneming. Vanweë die gekompliseerde aard van hierdie vraagstukke word slegs die belangrikste patrone/tendense/determinante vanuit hierdie omgewing opgesom, toegespits op die noodsaak vir fundamentele strukturele hervorming. Die belangrikste kenmerke van die Suid-Afrikaanse samelewing sluit in ernstige patrone van sosiale onstabiliteit; misdaad en armoede; ’n protes-kultuur; identiteitskonflikte (ras, klas, kultuur en gender); asook gebrekkige sosiale samehorigheid. Cronjé (2017:39–61) beskryf hierdie makrotoedrag van sake as “a breakdown of South African family life”. (Van die 19 miljoen kinders tydens 2017 het 7,5 miljoen enkel-ouers gehad en 6,5 miljoen geen ouers nie.) Bogenoemde omstandighede bestaan binne ’n bepaalde politieke omgewing soos vroeër beskryf, en die aanwesigheid van ’n ekonomiese raamwerk (*transformatisme*) wat hierdie uitdagings moet aanpak. Hierdie aspekte word kortliks toegelig deur kern-data, syfers en perspektiewe uit te lig.

1. Sowat 13,8 miljoen mense uit ’n totaal van meer as 60 miljoen lewe in algehele armoede in Suid-Afrika. (Die 2021-maatstaf vir armoede is ’n inkomste minder as R1 335,00 per maand.)
2. Afhanklikheid van die staat ingevolge sosiale toelaes het eksponensieel toegeneem van 3,01 miljoen mense tydens 1996/7 (7% van die bevolking), tot 18,29 miljoen oftewel 31% van die bevolking tydens 2019/20. Sestien miljoen hiervan is swart mense. Sedert die COVID-19-pandemie van 2019–2021 het die syfer verder toegeneem en dit word as instrument deur die regering gebruik (’n patronaatskap-verhouding) om politieke steun te mobiliseer (Statista 2022; Duvenhage 2020a:241–68; 2020b:137–62; 2023a:116–48).
3. Sowat 60% van die Suid-Afrikaanse begroting word gebruik vir maatskaplike toelaes en ondersteuning. Elf miljoen huishoudings ontvang tans gratis basiese dienste wat insluit krag, water en sanitasie (Heyns 2023).
4. Geweld neem verskeie vorme aan, is dikwels toenemend van aard, en sluit in xenofobie, taxigeweld, kulturele en rasgebaseerde geweld, vigilantisme en politieke sluipmoorde (Duvenhage 2021:713–37). Bykans ’n halfmiljoen mense is in die periode 1994–2017 vermoor. Daaglik word gemiddeld 58,4 mense vermoor en sowat 116 verkrachtings aangemeld. Van die moorde vind sowat 40 per maand binne die taxibedryf plaas. (Hierdie syfers is soms hoër as die sterftesyfer in state waar aktiewe burgeroorloë gevoer word.)
5. Matamba (2023) verwys na die bestaan van “a commercial market for violence [...] recognized by the state”, terwyl Suttner (2013) reeds vroeër verwys het na die feit dat “assassinations have become a regularised way of deciding on leadership and access to

wealth within the ANC and its allies". (Vergelyk Matthee 2019:6.) Bruce (2013) het bevind dat van 1994 tot 2013 sowat 450 politieke sluipmoorde in KZN alleen voorgekom het. Shaw en Thomas (2016) wys op hulle beurt daarop dat sowat 'n duisend sluipmoorde (of pogings in hierdie verband) in die periode 2000 tot 2015 geïdentifiseer is. Die episentrum van die sluipmoorde is KZN, maar ook Mpumalanga en in 'n mindere mate Gauteng, Noordwes en die Vrystaat word geteiken. (Vergelyk ook Matthee 2019:6.) Weinig indien enige van die sluipmoorde is suksesvol polities vervolgt en die Moerane Kommissie van Onderzoek en ander verbandhoudende ondersoeke het tot dusver op niks uitloop nie (Matamba 2023).

6. In 'n navorsingsdokument van die Global Initiative Against Transnational Organized Crime getiteld "Strategic organized crime risk assessment: South Africa (2022)" word na die omvang van verskeie vorme van georganiseerde misdaad verwys as: "[...] a dark web: a criminal ecosystem" met "[...] an existential threat to South Africa's democratic institutions, economy and people [...]". Die verslag verwys na omvangryke georganiseerde misdaad ten opsigte van dwelmshandel; die onwettige handel in wapens; omgewingsverwante misdade; georganiseerde roof en geweld; kubermisdade; afpersing; mensehandel; ekonomiese en finansiële misdade; ontvoerings; en onwettige mynbedrywighede – om die belangrikstes te noem. Hierdie aspek dien as motivering vir die inploffing van die strafregstelsel waarna vroeër verwys is.²⁴
7. Basiese onderwys word aan meer 13 miljoen leerders verskaf (Heyns 2023). Tot 80% van alle openbare skole in Suid-Afrika word nietemin as wanfunksioneel voorgehou (Duvenhage 2020b:154–6).
8. Sowat 13 miljoen mense was tydens 2022 werkloos en die syfer het sedertdien verder toegeneem (Owusu-Sekyere 2022:1–14). Volgens die kwartaallikse indiensnemingstatistiek (QES) het 63 000 mense hulle vaste werk tussen 2022 en 2023 verloor. Waar die werkerskorps in Junie 2018 9,034 miljoen was, het dit tydens 2023 tot 8,81 miljoen gedaal – sowat 216 000 minder (Crouse 2023). In dieselfde periode (2018–2022/3) het die algemene bevolking van 57,72 miljoen tot 60,69 miljoen toegeneem – sowat 2,97 miljoen meer mense.
9. Die ineenstorting van instellings soos Eskom, Transnet, die Poskantoor, Landbank en ander dienslewende instellings (waaronder plaaslike regerings) verswak die lewensgehalte van talle burgers in Suid-Afrika.
10. Die VN se Departement Ekonomiese en Maatskaplike Aangeleenthede (DESA) het bevind dat tussen 2015 en 2020 sowat 1 miljoen mense (meestal hoogs gekwalifiseerd en/of met skaars vaardighede) die land verlaat het, en 'n verdere 130 000 is op die uitkyk vir beter geleenthede in die buiteland. FNB se eiendomsbarometer het bevind dat 8% mense hulle eiendom verkoop met die doel om te emigreer (Janse Van Rensburg 2022:1–7; Fengu 2022). Omgekeerd word bereken dat tot 10% van mense woonagtig in Suid-Afrika (dit wil sê meer as 6 miljoen mense) onwettig in die land is, meestal afkomstig van state in Afrika suid van die Sahara (Owusu-Sekyere 2022:1–14).

Bogenoemde syfers en perspektiewe, geles in samehang met politieke en ekonomiese kontekste, beklemtoon die nievolhoubaarheid van die status quo en die noodwendigheid van verandering – gewelddadig of nie-gewelddadig. Relatiewe en absolute deprivasie van dele van die bevolking lê ten grondslag van konflik en geweld met as oorsprong sosiale en maatskaplike omstandighede.²⁵ 'n Veranderende internasionale politieke omgewing en die wyse waarop dit deur die ANC-regering bestuur en hanteer word, is verdere olie op die reeds brandende vure van verandering en 'n politieke dryfkrag in eie reg.

4.6 'n Veranderende internasionale politieke omgewing

Die beëindiging van die apartheidsbedeling en die 1994-demokratiese verkiesing het Suid-Afrika die gunsteling van die wêreld gemaak. Sanksies is opgehef, investering en buitelandse beleggings het gevolg, en 'n periode van ekonomiese groei en ontwikkeling is betree. Verskeie faktore het egter sedertdien daartoe bygedra dat Suid-Afrika se posisie internasionaal verswak het. 'n Opsomming van die belangrikste aspekte sluit die volgende in:

- Suid-Afrika se binnelandse situasie is polities, ekonomies en maatskaplik (soos vroeër ontleed) nie bevorderlik vir finansiële investering, ekonomiese groei en ontwikkeling nie. Die gereelde afgradering van die Suid-Afrikaanse ekonomie deur internasionale graderingsmaatskappye is een bewys van 'n internasionale omgewing wat rooi ligte identifiseer ten opsigte van die ekonomie, investeringsgeleenthede en groeivooruitsigte. Faktore soos oorregulering, diskriminerende wetgewing, endemiese korrupsie en infrastrukturele en diensleweringssuitdagings is bloot enkele faktore wat hier vermeld kan word.
- Ten spyte van uitgebreide ekonomiese en finansiële belange met Westerse lande (lees die VSA, Europese Unie-lande, Brittanje en Australië), ondersteun Suid-Afrika polities gesproke omstrede state soos Rusland (oorlogsmisdade volgens die Internasionale Strafhof; imperialistiese en ekspansionistiese beleid in toepassing); China (menseregtevergrype; anti-Westerse sentimente; en ekspansionistiese strewes); Iran (die bevordering van terreur en steun vir terroristeorganisasies); Noord-Korea (diktatoriaal en die ontwikkeling en onoordeelkundige gebruik van gevaarlike wapentuig); en Kuba ('n historiese vyand van die VSA en die Weste). Suid-Afrika se grootste handelsvennote en bron van finansiële ondersteuning (lees die IMF en die Wêreldbank) raak toenemend ongemaklik met Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid, en teenoptrede het as uitkoms gebrekkige investering en indirekte sanksies.
- Suid-Afrika se onlangse militêre oefening tesame met Rusland en China teen die Natalse kus het wenkbroue laat lig en is negatief vanuit die Weste ontvang. Hiermee saam het die *Lady R*-episode (aantygings van steun en die voorsiening van wapentuig aan Rusland) tot sterk Amerikaanse reaksie gelei en daar is versoeke vanuit die VSA dat Suid-Afrika se toelating tot die AGOA-ooreenkoms (waarna reeds verwys is) opgeskort moet word. Laasgenoemde kan verreikende negatiewe implikasies inhou vir veral die landbou, maar ook die voertuigbedryf, asook ekonomiesegroeivooruitsigte in die algemeen.²⁶ Suid-Afrika en ander Afrikastate se mislukte sending om vrede tussen Rusland en Oekraïne te bewerkstellig het ook nie bygedra om Suid-Afrika se posisie internasionaal te verbeter nie. Suid-Afrika het onlangs 'n senior afvaardiging, wat ministers ingesluit het, gestuur om met die VSA te gaan onderhandel in 'n poging om te red wat daar te redde is betreffende voordele vir Suid-Afrika ten opsigte van die AGOA-ooreenkoms.
- Soos vroeër na verwys, is Suid-Afrika boonop op die sogenaamde *gryshys* geplaas as gevolg van die voorkoms van geldwassery en betrokkenheid by, en/of ondersteuning van terreurorganisasies (Burger 2023:1–3). Dit beperk ekonomiese investering in Suid-Afrika en stel strenger voorwaardes vir toegang tot die internasionale finansiële wêreld; allermens wat die Suid-Afrikaanse ekonomie op die oomblik kan bekostig.
- Ten opsigte van die Afrikavasteland word Suid-Afrika se leierskapsrol dikwels afgewater; daar was onlangs ernstige konflik met Nigerië ten opsigte van die hantering van hulle burgers in Suid-Afrika, en die subkontinent van Suider-Afrika stel sy eie uitdagings, waaronder die ineenstorting van die Zimbabwe-ekonomie en burgers wat hulle onwettig in Suid-Afrika bevind teen die agtergrond van toenemende maatskaplike uitdagings.

Die ISIS-bedreiging in die noorde van Mosambiek (vergelyk Hanlon 2020) en die werksaamhede van internasionale misdaadsindikate (Global Initiative Against Transnational Strategic Organized Crime Risk Assessment South Africa 2022) dra by tot onstabiliteit wat nie bevorderlik is vir ekonomiese groei, ontwikkeling en investering nie.

Bogenoemde beskrywing bevestig Suid-Afrika se veranderende posisie internasionaal, asook die nuwe uitdagings wat dit aan die staat stel, en is in eie reg 'n belangrike bepaler vir strukturele hervorming in Suid-Afrika. Met die uiters kwesbare situasie binnelands in Suid-Afrika, kan gekompliseerde maar soms ook vae buitelandse beleid, pragmaties en opportunisties toegepas, net nie bekostig word nie. Die klaarblyklike ondersteuning van Rusland in die oorlog met Oekraïne kan in eie reg vir Suid-Afrika 'n internasionale Rubicon wees, met verreikende implikasies – polities, ekonomies en militêr. Suid-Afrika se ondersteuning van Hamas en die gepaardgaande saak wat voor die Internasionale Strafhof teen Israel aanhangig gemaak is, is verdere faktore wat Suid-Afrika se internasionale posisie negatief kan beïnvloed. Verkeerde strategiese keuses kan teen die agtergrond van gekompliseerde politieke prosesse wat tans hier uitspeel, verreikende negatiewe gevolge inhou.

5. Die noodsaak vir fundamentele hervorming

Die voorafgaande ontleding van politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede binne die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing maak die werklikheid van verandering onafwendbaar. Die vraag is wel op watter wyse hierdie verandering voltrek gaan word. Dit is dus nie of die status quo volhoubaar is nie, maar eerder watter vorm en formaat verandering gaan aanneem. Teoreties kan makropolitieke verandering (positief gesproke) die vorm aanneem van fundamentele strukturele hervorming. Die ander uiterste kan (negatief gesproke) lei tot 'n vorm van klassieke revolusie soos dit gemanifesteer het in state soos Frankryk (1789), Rusland (1917) en Algerië (1959).²⁷ Beide bogenoemde opsies (ideaal-tipies gesproke) is geskiedkundig uitsonderlik en vind nie maklik sonder meer plaas nie. In die meerderheid gevalle neem patrone van ingrypende verandering die vorm aan van kombinasies van soms ongekontroleerde gewelddadige verandering, met strukturele verandering wat op 'n reaktiewe wyse volg.

In die politieke omgewing van 'n verswakkende staat, soos tans in Suid-Afrika aan die orde is, blyk laasgenoemde moontlikheid 'n meer akkurate beskrywing te wees van die werklikheid en wat moontlik vorentoe kan gebeur. Die risiko wat hierin opgesluit lê, is dat geweld soos 'n groeiende kanker kan toeneem, en die staat se primêre taak (naamlik die handhawing van orde, stabiliteit en sekuriteit) wat reeds verswak is, nog verder kan verswak. Dit is waarna soms verwys word as 'n "Suid-Afrikaanse Lente", "'n Tunisië-dag" – 'n werklikheid wat ten alle koste vermy moet word, maar ook een wat toenemend as moontlike scenario vir Suid-Afrika voorgehou word.²⁸ As teenvoeter hiervoor is omvangryke strukturele hervorming noodsaaklik op die terrein van die staat (of die politieke omgewing in 'n strukturele verband); die ekonomie (die daarstelling van 'n omgewing wat ekonomiese groei en ontwikkeling kan bevorder); en die samelewing (om 'n omgewing te skep wat maatskaplike vraagstukke, waaronder armoede, werkloosheid en ongelikheid, daadwerklik kan aanpak).

Soos die geval tydens die laat-1980's was, staan die Suid-Afrikaanse leierskap voor die keuse van toenemende problematiek (wat destyds daadwerklik aangepak is), of die laat-maar-gaanbenadering (die beskerming van die belange van korrupte politieke elites, samelewingsverval,

diensleweringsuitdagings en ekonomiese stagnasie), net om onverwags voor 'n werklikheid te staan te kom wat homself struktureel hervorm, op 'n gewelddadige wyse teen 'n prys wat beslis verhoed kon gewees het. Die pad van strukturele hervorming as antwoord op die huidige problematiek word verder beredeneer en die strategiese konteks in 'n makro-opsig uitgestippel as die motivering vir uiters noodsaaklike stappe.

6. Strukturele hervorming in Suid-Afrika

6.1 Begrip en betekenis

Revolusie, die klassieke idioom, en beplande en omvangryke *strukturele hervorming* is beide ideaaltipes en uitsonderlike vorme van politieke verandering in die geskiedenis. Hierdie modusse van verandering verskil van mekaar rakende “[...] the speed, scope and direction of change in the political and social systems” (Huntington 1968:344). Waar revolusie die gewelddadige omverwerping van 'n bepaalde regime oor 'n kort tydperk veronderstel, kan fundamentele strukturele hervorming soortgelyke uitkomste bewerkstellig, maar met die behoud van die stelsel en die uitbouing van daardie waardes wat in die algemene belang van die burgers kan wees. Dieselfde skrywer (1968:258–9) beklemtoon dat die meeste vorme van politieke verandering egter kombinasies van bogenoemde ideaaltipes is, wat kan beteken dat verandering onder meer reaktief kan wees op grond van die voorkoms van geweld, of voorkomend kan wees deur die vermyding van geweld en die voortydige herstel van orde en stabiliteit. Hiervolgens is “[...] civic peace impossible without some reform, and reform is impossible without some violence”. 'n Meesterplan vir hervorming ontbreek nietemin in die meeste gevalle, en is 'n belangrike kenmerk van fundamentele strukturele hervorming. Belangrike en onderskeidende kenmerke van strukturele hervorming is dat dit oorwegend nie-gewelddadig is; nie toenemend van aard is nie; en geleidelik voltrek word (Huntington 1968:264–7; 344–7).

Suid-Afrika is tans vasgevang in 'n situasie (soos hier bo aangedui) van afwaartse spiraalbeweging van toenemende konflik, geweld en onstabiliteit. Die fundamentele hervorming van staat, ekonomie en samelewing is uiters noodsaaklik indien verdere institusionele, politieke, staatkundige en samelewingsverval omgekeer wil word. Ter vermyding van hierdie slegte-saakscenario (vergelyk Duvenhage 2020a:241–68; 2023a:116–48) is omvangryke en fundamentele hervorming van die volledige stelsel (politiek, ekonomies en maatskaplik) uiters belangrik. 'n Plan van verandering is noodsaaklik om weg te kan beweeg van die rasgebaseerde ingenieurswese soos vroeër beskryf. Transformatisme sal moet plek maak vir 'n andersoortige raamwerk (of toepassingskonteks) waarin die algemene belang van burgers vooropgestel kan word rakende sake soos veiligheid en sekerheid; ekonomiese groei en werkskepping; die uitkakeling van ongelykhede; die verskaffing van noodsaaklike dienste (die diensleweringskonteks); en maatskaplike stabiliteit. Ten spyte van 'n gewaardeerde grondwet, soos veranker in waardes en norme van hoë gehalte, was die uitwerking daarvan telkens omgekeerd van wat in die vooruitsig gestel is, en sal fundamentele hervorming veral op die toepassing van grondwetlike waardes en norme toegespits moet wees.

In hierdie opsig beteken die politieke hervorming van instellings 'n selfverdedigingsaksie op snelveranderende negatiewe omstandighede (aldus die perspektief van Edmond Burke in reaksie op die ontwrigting van die Franse Revolusie) maar met die erkenning en behoud van daardie waardes waarop die instellings van die groter regime gebou is. Ingevolge 'n verbeterde toepassings-

konteks (die Suid-Afrikaanse toepassing) beteken fundamentele hervorming klassiek gesproke “a change in the direction of greater social, economic, or political equality, a broadening of participation in society and polity” (Huntington 1968:344). Hoe kan bogenoemde bereik word met die bestaande grondwetlike bedeling, oftewel die status quo, as uitgangspunt?

6.2 'n Politieke Rubicon

Soos wat die Nasionale Party se politieke elite in die laat-1980's oor die spreekwoordelike politieke Rubicon moes tree, is dit tans ook van toepassing op die ANC-regeringselite. Waar die Nasionale Party-regering van apartheid as vorm van rasgebaseerde ingenieurswese afstand moes doen, is dieselfde waar ten opsigte van die ANC met transformisme. Anders as die ou Nasionale Party-regering ontbreek die politieke wil egter om hierdie veranderinge aan te bring en dui onlangse wetgewing (in die pyplyn of reeds aanvaar) daarop dat die wetgewende raamwerke verskans of verder uitgebou word om transformisme te beskerm en te konsolideer. Tot op hede was Ramaphosa se pogings tot hervorming hoogstens kosmeties en sonder impak; inisiatiewe om die regerende party te hervorm was niksseggend; en talle van die party-politieke elites (soos uitgewys deur die Zondo-kommissie) het hulle skuldig gemaak aan staatskaping, korrupsie en ander wanpraktyke (Merten 2019; Democratic Alliance 2022:2).

Ongeag verdoemende getuienis voortspruitend uit verskeie kommissies, verslae en ondersoekende joernalistiek, het weinig hiervan tereg gekom en/of teenvoeters is gevind in wat as die Stalingrad-strategie voorgelê is. In die omgewing van 'n verswakkende staat sal dit 'n kernprioriteit wees om die strukture soos geassosieer met 'n mafiastaat te hervorm, en die eis van *herinstitutionalisering van grondwetlike beginsels* word gestel, soos geassosieer met 'n regstaat-idee en die konsekwente en eenvormige toepassing daarvan. Op grond van Malan (2019) se argument ten opsigte van “Konstitusie” en “konstitusie” is die herstel van eersgenoemde ten koste van laasgenoemde noodsaaklik en behoort dit 'n strategiese prioriteit van strukturele hervorming te wees. Dit impliseer die verwydering of drastiese verandering van transformisme en dit wat daarmee geassosieer word (rasdiskriminasie, sentralisasie van mag en beheer, oorregulering en korrupsie), en die herstel van 'n funksionerende staat, politieke regime en grondwetlike demokrasie en die waardes wat dit veronderstel.

'n Ontleding van tendense in die makropolitieke omgewing in die algemeen, en in die ANC in die besonder, dui allermens daarop dat die spreekwoordelike “Rubicon” reeds oorgesteek is of in die nabye toekoms oorgesteek gaan word. Die uitkoms van die 2024-verkiezing (nasionaal en provinsiaal) en verslegtende politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede binne Suid-Afrika enersyds, en 'n veranderende internasionale bedeling andersyds, mag nietemin as snellers dien om die spreekwoordelike politieke Rubicon vinniger te bereik.

Uitgaande van die aanvanklike uitgangspunt dat fundamentele en strukturele hervorming wel moontlik en tans uiters noodsaaklik is, word dit verder beskou, toegespits op wat dit vir die Suid-Afrikaanse konteks beteken. Enkele makrostrategiese aspekte wat in hierdie verband verreken moet word, word ook bespreek.

6.3 Politieke leierskap en onkreukbaarheid

In sy werk *The Prince and the discourses* (1940:21–2) wys Machiavelli daarop dat “[...] nothing (is) more difficult to carry out, nor more doubtful of success, nor more dangerous to handle than to initiate a new order to things”. Leierskap, veral visionêre leierskap, is histories bewys in die geval van Kemal (Turkye), Bismarck (Duitsland), De Gaulle (Frankryk) en

Geizel (Brasilië) as krities belangrik vir die sukses van pogings tot fundamentele hervorming en herstrukturering (Huntington 1981a:16–7; 1988:3–10; 1991:106–8). Die sukses van leierskap in hervormingskontekste word veral bepaal deur strategiese keuses (Fabiaanse strategie met Blitzkriegtaktiek) en die tydsberekening van inisiatiewe; en die wyse waarop opposisie-groepe sodanige kontekste hanteer, is volgens Huntington (1968:347–54) bepalend vir die suksesvolle uitvoering van hervormingsinisiatiewe. Hy (1968:345) beklemtoon dat die hervormer as leier “[...] requires a much higher order of political skill than does the revolutionary. Reform is rare if only because the political talents to make it a reality are rare”.

Leierskap moet onkreukbaar wees en persoonlike invloed gebruik om moeilike en omstrede veranderinge deur te voer. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks kom die ANC as kollektiewe leierskap (betrokkenheid by staatskaping en korrupsie) en Cyril Ramaphosa (Phala Phala) nie onkreukbaar voor nie; die leierskap is maar effens en korrupt; en die ANC as organisasie is besig om steun te verloor, soos statistiek, in die teks aangedui, duidelik aantoon. Met ’n politieke Rubicon wat nog nie bereik is nie; korrupte en swak leierskap; en steunverliese van die regerende party, is die meer waarskynlike scenario eerder dat daar daadwerklik aan politieke mag (lees hierin ook ander voordele) vasgeklou sal word as dat strategiese hervorming nagestreef sal word, waar moeilike en omstrede besluite noodsaaklik en onvermydelik is. Hoewel die Ramaphosa-era begin is met die sogenaamde *nuwe daeraad*, tesame met pogings tot die herstel van staatstrukture en demokratiese instellings en strategiese ooreenkomste met die burgerlike samelewing, was die sukses hiervan beperk tot niksseggendheid, en talle regeerkundige kriteria soos vroeër na verwys dui daarop dat die situasie sedert sy oorname eerder versleg as verbeter het. Hiervan getuig die ontledings op die terrein van die staat/politiek en die ekonomie, asook maatskaplike aanduiders.

Ongeag hierdie negatiewe (maar korrekte) beoordeling van Ramaphosa se bewindstyd wys meningspeilings nietemin daarop dat hy steeds heelwat gewilder is as sy party; dat daar geen outomatiese opvolger vir die president is nie (Paul Mashatile, sy adjunk, is tans baie omstrede); maar dat die dryfkrag om kardinale kwessies daadwerklik aan te pak nietemin grootliks by eersgenoemde ontbreek. ’n Gebrek aan sterk leierskap binne die raamwerk van die ANC is tans ’n groot struikelblok onderweg na omvattende en fundamentele strukturele hervorming in Suid-Afrika.

6.4 Strategiese kwessies

Uit die voorafgaande ontleding is dit duidelik dat talle kwessies op verskeie terreine – polities, ekonomies en maatskaplik – dringend hanteer sal moet word. Hierdie sake hou verband met die problematiek ten opsigte van transformasie as ideologie en die regeerkundige en bestuurspraktyke wat daaruit voortvloei binne die groter raamwerk van ’n verswakkende staat. Migdal (1988:34) vat hierdie problematiek van verswakkende state, ook van toepassing op Suid-Afrika, soos volg saam: “In many countries the state still is the most prominent organization in this environment, but its leaders have not established it as predominant, able to govern the details of most people’s lives in the society.” Hiervolgens het die regering, as gevolg van verskeie redes, ’n onvermoë om beleid en programme vir verandering suksesvol (indien enigsins) uit te voer. Daarom is die uitgangspunt nodig dat orde, stabiliteit en sekerheid, die kern-funksies van enige staat, in Suid-Afrika herstel of ten minste heropgebou moet word. Daardeur kan ’n grondslag vir kapasiteitskepping op ander terreine van die breër staatsfunksie gelê word. Om hierdie basiese doel te bereik, verg die fundamentele hersiening en hervorming van *transformasie* as makro-ideologiese raamwerk, wat praktyke insluit soos ekwiteitswetgewing,

BBBEE-beleid en -toepassings, kaderontplooings en alles wat daaruit voortvloei. Die herstel van die strafregstelsel en 'n funksionele polisiemag is krities belangrik vir die herstel van orde, stabiliteit en die bewerkstelling van 'n veilige omgewing. Net so belangrik is die wil om politieke oortreders (individue, sindikate en mafiagroep) op te tree, 'n onafhanklike regbank te verseker en die besluite van houe politieke te respekteer.

Staatskaping, endemiese korrupsie en praktyke soos die sogenaamde Stalingrad-strategie (die doelbewuste ondermyning, vertraging, manipulasie en ondermyning van regsprosedure) sal daadwerklik teengestaan moet word. Die hantering van invloedryke ANC-leiers se verbintenis tot korrupsie, staatskaping en ander wanpraktyke (soos onder meer vervat in die bevindinge van die Zondo-kommissie) kan as rigtingwyser dien. Dit sluit name soos Jacob Zuma, Gwede Mantashe, Ace Magashule, maar ook Julius Malema en Floyd Shivambo (die VBS-bankskandaal) as voorbeelde in. Dieselfde regsbenadering en grondslag moet ook gevolg word ten opsigte van korrupsie in die privaatsektor (Marius Jooste ens.) asook sogenaamde tenderpreneurs.

Vanuit 'n omgewing waar orde, stabiliteit en sekerheid aanwesig is, kan die “detransformasie” van die samelewing strategies en takties aangepak word. 'n Belangrike les wat in hierdie opsig geleer kan word uit die strategie van Mustafa Kemal (die vader van moderne Turkye) word so deur Huntington (1968:348) saamgevat: “Kemal’s success in achieving these reforms depended upon his ability to deal with each (reform) separately and in effect to suggest at the time he was handling one (reform) he had no intention of tackling the others.” Die strategie hier ter sprake is 'n Fabiaanse (oorhoofs inkrementele) strategie, afgewissel met Blitzkrieg-taktiek. Laasgenoemde beteken om kwessies van mekaar te skei en daadwerklik te hanteer, waardeur nog 'n stuk van die legkaart voltooi word wat uiteindelik die nuwe prentjie (politieke, ekonomiese en maatskaplike orde) sal definieer. Hierdie perspektief en modus operandi kan 'n grondslag en strategie wees om Suid-Afrika uit die krisis te help bestuur na 'n beter orde.

Uitgaande van die perspektief dat hervormingsgesinde politieke leierskap aanwesig moet wees; onkreukbaarheid gehandhaaf moet word; die Rubicon oorgesteek moet word; en dat die herstel van orde, stabiliteit en sekerheid as oorhoofse en gefundeerde doel nagestreef moet word, verdien die volgende prioriteite vermelding:

Polities: Doelmatige en funksionele grensbeheer en die beskerming van Suid-Afrika se soewereiniteit en territoriale integriteit; die streng toepassing van vereistes om burgerskap te verwerf en die regulering van aansprake op voordele in hierdie verband; 'n onafhanklike en funksionele regbank; die bemagtiging van die strafregstelsel en 'n doeltreffende en funksionele polisiemag; die dekriminalisering van die staats- en privaatsektor waar en soos van toepassing; 'n funksionerende stelsel van plaaslike regering, onderwys en gesondheid; strategiese vennootskappe met ander sektore (privaat, korporatief en burgerlik) om doelwitte in die algemene belang te bereik; en die posisionering van Suid-Afrika internasionaal gesproke om sy beste (lees veral ekonomiese) belang te dien ten koste van uitgediende ideologiese oortuigings en geskiedkundige verbintenisse.

Ekonomies: Die detransformasie (vrymaking) van die ekonomie met deregulering en minder staatsinmenging as prioriteit; die bevordering van die ontwikkelingstaatsgedagte, met as grondslag die samewerking van rolspelers ten einde die algemene belang van die burgers te bevorder; funksionerende semi-staatsinstellings (lees Eskom, Transnet, SAUK, SAL ens.), al beteken dit strategiese vennootskappe of selfs privatisering; groter dissipline ten opsigte van die besteding van staatsgeld; 'n verbreding van die belastingbasis in samehang met die vermindering van die

getal mense afhanklik van maatskaplike toelaes; die bevordering van ekonomiese groei en werkskepping; asook 'n verkleinde rol vir die vakbonde in 'n meer buigsame arbeidsmark.

Maatskaplik: Die syfers soos vroeër aangedui beklemtoon die uitdagings waarvoor die samelewing in die breë te staan gekom het. Sake wat myns insiens dringend aandag verdien, is: die bevordering van sosiale samehorigheid en nasiewording wat gemeenskappe oorhoofs kan verenig; die uitskakeling van alle vorme van geïnstitusionele rassisme as uitkoms van transformasie; volhoubare ekonomiese antwoorde op sosio-ekonomiese uitdagings soos armoede, werkloosheid en ongelikheid; beveiliging teen toenemende misdaad; gehalte-onderwys; goeie gesondheidsorg; en doeltreffende algemene dienslewering.

7. Ten slotte: Evaluerende perspektiewe

Die wekroep van talle akademici, politici, korporatiewe leiers, die media en lede van die burgerlike samelewing beklemtoon die erns van die situasie waarin Suid-Afrika met die huidige staatkundige bedeling homself bevind. Data en syfers op die terrein van die politiek, ekonomie en maatskaplike orde is geïdentifiseer, argumente ontwikkel en perspektiewe gestel. Uit die ondersoek blyk dit dat Suid-Afrika nie net 'n politieke krisis ervaar nie, maar dat die situasie besig is om steeds verder te versleg; dat die status quo nie volhoubaar is nie; en dat verandering oor die korter en mediumtermyn negatief onafwendbaar kan wees. Die vraag is nie of Suid-Afrika gaan verander nie, maar op watter wyse, teen watter tempo en in watter rigting.

Die oortuiging bestaan (en is ook as sodanig gemotiveer) dat die huidige Suid-Afrika homself in sekere opsigte kan vergelyk met die situasie van die laat-1980's en vroeë-1990's, en soos in daardie tyd is drastiese, omvangryke en fundamentele hervorming noodsaaklik. Indien hervorming nie plaasvind nie, sal die werklikheid een wees van toenemende institusionele en politieke verval, ekonomiese disintegrasie, asook maatskaplike agteruitgang waarmee burgers te kampe gaan hê. So ernstig is die situasie dat hier nie net van 'n politieke of selfs grondwetlike krisis sprake is nie, maar 'n krisis ten opsigte van die staatkundige orde soos wat dit teen 1910 tot stand gekom het. Myns insiens is die huidige krisis groter en stel dit selfs meer uitdagings as wat die geval was met die politieke hervorming wat aan die 1996-grondwetlike bedeling beslag gegee het.

Fundamentele hervorming is ook nodig op elke terrein van die groter samelewing, inbegrepe die polities-staatkundige, die ekonomie en arbeidsektor, asook die maatskaplike orde. In essensie veronderstel bogenoemde die “detransformasie van die samelewing” en die herstel van demokratiese en grondwetlike waardes, en die suksesvolle implementering daarvan op 'n grondslag wat moreel-eties verdedigbaar is en waar die handhawing van wet en orde vooropgestel sal word. Alle verbintenisse tot die NDR-idee moet laat vaar word.

Hoewel daar geen twyfel kan wees dat fundamentele hervorming die beste weg is nie (geweld, onstabiliteit en revolusie is die alternatief), is hier talle faktore wat die implementering van hierdie modus van verandering inhibeer, en bestaan daar selfs gronde om dit nie as die mees waarskynlike scenario te beklemtoon nie. Matthee (2019) se perspektief van 'n multipolêre werklikheid waar staatsmag erodeer en vervang word met andersoortige magsbasisse of enklaves, en wat vroeër as vorme van desentralisasie beskryf is, kan as 'n uitkoms of alternatiewe scenario beskou word. Dit is myns insiens 'n noodwendige uitkoms van onwillige

en/of onsuksesvolle strukturele hervorming soos hier betoog. Tog bestaan die oortuiging ook dat die weg van strukturele hervorming steeds moontlik is indien dit konsekwent en doelmatig toegepas word. Struikelblokke wat tans bestaan ten opsigte van 'n suksesvolle hervormingspoging is dat die huidige politieke elite nog nie die spreekwoordelike "Rubiconpunt" bereik het nie; die endemiese aard van korrupsie; die aanwesigheid van kenmerke wat ooreenkomste toon met 'n mafiastaat en die koöptering van politieke elites in hierdie verband; die gevorderde stadium van verval van die regstaat en die verval van die groter staatkundige orde; en toenemende ekonomiese en maatskaplike uitdagings.

Dit blyk verder dat leierskap binne die regerende ANC om sodanige inisiatief te dryf, afwesig is en dat potensiële opvolgers nie oor die hoedanighede (en waarskynlik steunbasis) beskik om sodanige inisiatief te lei nie. Laasgenoemde perspektief moet ook verstaan word teen die agtergrond van dalende steunvlakke vir die ANC; sterker steun vir opposisie-groepe; en voorspellings ten opsigte van laer steunvlakke vir die regerende ANC ten opsigte van die komende 2024-verkiezing. Die promulgering van populistiese wetgewing is ook ideologies verder verwyder van die hervormingsidee en eerder 'n verdere en sterker beklemtoning van *transformatisme* en die verankering hiervan in die Nasionaal-Demokratiese-Revolusie-idee.

Nieteenstaande bogenoemde struikelblokke bly fundamentele strukturele hervorming die beste weg om die samelewing te herbou (sosiale samehorigheid te bevorder en diskriminasie wetlik en andersins te verwyder); ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder; politieke gesproke demokratiese praktyke te herstel en te vestig; asook kapasiteitsbou, wat uiters noodsaaklik is, te bevorder. Hieronder sal Suid-Afrika ongetwyfeld slegter daaraan toe wees en oor die langer termyn kan die swak bestuur van strategiese faktore selfs die voortbestaan van die staat as staat in gevaar stel.

'n Dinamiese tyd lê voor die deur met groot uitdagings op talle terreine. Die weg van fundamentele strukturele hervorming blyk die beste wyse te wees om hierdie dinamiek aan te pak en suksesvol te hanteer. Die proses van verandering sal baie inklusief bestuur moet word en groepe vanuit die burgerlike, korporatiewe en ander sektore sal saam met politieke partye en belangegroepes indringend oor die toekoms moet besin. Die alternatief hiervoor is nie in Suid-Afrika en alle Suid-Afrikane se beste belang nie. Kan Suid-Afrika, soos tydens die laat-1980's, teen die algemene verwagting in die regte politieke uitweg kies al is die omstandighede moeilik en uitdagend?

Bibliografie

- Ake, C. 1975. A definition of political stability. *Comparative Politics*, 7(2):271–83.
- ANC. 2017. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document. <https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress> (1 November geraadpleeg).
- Anoniem. 2019. South Africa is one of the least safe countries in the world. *BusinessTech*, 24 November. <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of-the-least-safe-countries-in-the-world> (30 Oktober 2023 geraadpleeg).

- . 2021. South Africa's tax base has taken a big knock. *Businessstech*, 18 Junie. <https://businesstech.co.za/news/finance/499395/south-africas-tax-base-has-taken-a-big-knock> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Balthazar. 2022. South Africa may soon join Hungary, Poland and India as a failed constitutional experiment. *AllAfrica*, 27 November. <https://allafrica.com/stories/202211280242.html> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. *SA People News*, 31 Julie. <https://www.sapeople.com/eish-south-african-stuff/latest-crime-statistics-for-south-africa-increase-in-murder-rate> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Beresford, A. 2015. Power, patronage, and gatekeeper politics in South Africa. *African Affairs*, 114(455):226–48. <https://doi.org/10.1093/afraf/adu083> (30 November 2023 geraadpleeg).
- Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa's collapse. *Businessstech*, 10 September. <https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse> (20 Oktober 2020 geraadpleeg).
